
# Lowveld Gold Rush rig hernieude aandag op plaaslike toerismedorpe



Raylene van Wyk tydens die Barberton-afdeling van die skattejag.

**Linzetta Calitz**

MBOMBELA - Die idee agter die Lowveld Gold Rush is om Laevelders 'n rede te gee om hul omgewing te verken en geniet.

Een so 'n Laevelder, Adrian van Wyk, het verlede Sondag die eerste persoon geword om dié skattejag te voltooi.

Die hoofbedryfsbestuurder van die Kruger-Laeveldse toerisme- en sakekamer (KLCBT), Linda Grimbeek, is baie opgewonde oor die aantal mense wat al die toepassing afgelaai het om aan die skattejag deel te neem.

"Dit is 'n permanente aktiwiteit, nie net iets wat eenmalig plaasvind nie. Jy kan dit enige tyd op jou eie tyd doen en so lank neem soos jy wil."

Dit is só beplan om vir alle ouderdomme interessant en leersaam te wees. Die KLCBT wil veral die kleiner, minder besoekte plekke insluit.

"Daar is so 75 mense wat al die Turf Hunt-toepassing afgelaai het en daar is groot kompetisie aan die woed onder die top 10 spelers," het Grimbeek gesê.

Omdat Van Wyk die eerste persoon was wat die spel voltooi het, het hy 'n geskenkbewys ontvang om enige plek in die Laeveld of Nasionale Krugerwildtuin te oornag.

Van Wyk het gesê hy sal die skattejag aan almal voorstel, veral diegene met kinders. "Dit is baie pret en uitdagend. Pak 'n lekker piekniekmandjie en pak dan die skattejag aan.

"Ek het begin met Pelgrimsrus se skattejag; die verhale en geskiedenis van elke uitdaging is so interessant, ek wou net nie stop nie.


Die graf wat wegwys van die sonsopkoms.

"Iets wat vir my interessant was in Pelgrims is die dief se graf wat weg van die son af gewys het sodat hy nie weer die son sou sien opkom nie - al die ander grafte het na die son gewys. Ek was al so baie in Pelgrims en het dit nooit opgelet nie."

Na Pelgrimsrus het hy en sy dogter Kaapsehoop aangedurf. Daar het hulle tot die Nagkantoor Kuierkroeg se hond, Potlood, ontmoet.

"Kaapsehoop is so besonders. Dit staan bekend as die Valley of Death weens al die malaria onder al die delwers jare gelede. Elke skattejag is haarfyn beplan en is baie uniek."

Vandaar het die twee Barberton aangepak, waar Van Wyk sê die Barberton Geo Map-pad is absoluut asemrowend, met die uitkyk oor die mooi klowe.

"Die skattejag is die beste tyd wat ek in 'n lang tydperk geniet het. Ek kan nie wag vir die volgende een nie."

Elke persoon wat die skattejag voltooi sal 'n geskenk ontvang - hoe gouer jy dit doen, hoe groter is die waarde.